# Gesels saam

GRAAD 4-6

## WELKOM

Skets vir die jongmense verskillende scenario's en vra vir hulle watter emosie by watter scenario pas. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Jou boetie of sussie kry 'n roomys en jy nie.
- Jy oefen hard en kom tweede in 'n resies, nie eerste nie.
- Jy kry 'n geskenk op Kersfees.
- Jy hoor dat een van jou vriende jou 'n lelike naam genoem het.
- Jy sien hoe 'n ouer kind 'n jonger kind boelie.
- Jou mamma of pappa sê vir jou hulle is lief vir jou.

Ons ervaar elke dag 'n klomp verskillende emosies. Partykeer reageer mense verskillend op iets wat gebeur (jou roomys wat op die grond val, kan jou byvoorbeeld kwaad of hartseer maak). Ons emosies is 'n goeie ding, want dit help ons om te groei en verhoudings te bou. Maar partykeer maak mense slegte keuses omdat hulle hulle emosies op 'n sekere manier hanteer.

Vandag gesels ons oor 'n Bybelverhaal van twee broers waar die een broer baie kwaad geword het vir die ander broer.

## WONDER

Lees Genesis 4:1-16 saam.

Gesels saam:

- Watter emosies dink julle het Kain ervaar?
- Dink julle omdat God nie Kain se offer aanvaar het nie, Hy ook nie meer vir Kain aanvaar het nie? Hoekom sê julle so?
- Kain sê dat hy nou vir God moet wegkruip, maar God beskerm vir Kain, al het hy 'n groot fout gemaak. Wat sê dit vir ons van hoe God teenoor ons optree wanneer ons foute maak?

## WEES

Speel 'n speletjie van geluk en ongeluk saam. Bring 'n pak lekkers (klein lekkers soos jellieboontjies sal goed werk) en 'n dobbelsteen saam. Besluit wie in die groep gaan eerste die dobbelsteen gooi (dalk die jongmens wat mees onlangs verjaar het). Laat elkeen dan 'n beurt kry om die dobbelsteen te gooi. Elkeen mag soveel lekkers vat soos wat op die dobbelsteen wys. Party jongmense gaan meer kry en ander minder. Dalk gebeur dit selfs dat die lekkers op is voordat almal in die groep 'n kans gehad het om te speel.

dit selfs dat die lekkers op is voordat almal in die groep ’n kans gehad het om te speel.

Gesels saam:

- Wie van julle het baie lekkers gekry? Hoe voel julle daaroor?
- Wie van julle het min lekkers gekry? Hoe voel julle daaroor?
- Wat kan ons doen om die speletjie regverdiger te maak?

Vra vir die jongmense om al die lekkers terug te gee. Speel nou die speletjie op ’n regverdige manier.

Gesels saam:

- Is dinge in die lewe altyd regverdig? Hoekom sê julle so?
- Wat moet ons onthou van God, al voel dit vir ons dat die lewe nie altyd regverdig is nie?

Verduidelik vir die jongmense dat ons almal partykeer geluk gaan beleef en partykeer ongeluk. Wanneer ons geluk beleef, beteken dit nie dat ons beter as ander is nie. Ons moet dan juis dankbaar wees vir die seën wat ons beleef en kyk hoe ons ander mense kan seën wat minder as ons het. Wanneer ons ongeluk beleef, beteken dit ook nie ons is slegter as ander nie; ons moet dalk net ’n bietjie vasbyt. God bly genadig, soos ons in die verhaal van Kain en Abel gesien het. Daarom kan ons ook vir hulp vra, of uitwys dat mense se reëls onregverdig is – nie sodat ons meer kan kry nie, maar sodat ons ’n regverdige wêreld vir almal kan verseker.

## WEGSTUUR

Eet nou die lekkers saam. Herinner mekaar dat God genadig bly ten spyte van ons foute, maar dat Hy van ons verwag om nie aan ongeduld, jaloesie en haat toe te gee nie.